Afrikaans Eerste Addisionele Taal

3

26 Mei 2025

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL |
| **VRAESTEL** | 3 |
| **PUNTETOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 6 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | Opstel | (50) |
| **AFDELING B:** | Lang transaksionele teks | (30) |
| **AFDELING C:** | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord **EEN** vraag uit elke afdeling.

3. Begin **ELKE** afdeling op ŉ **NUWE** bladsy.

4. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. **ALLE** beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ŉ streep deur alle beplanning trek.

6. Nommer die skryfstukke volgens die nommeringstelsel soos dit op die vraestel genommer is.

7. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke **FINALE** skryfstuk neer.

8. Skryf duidelik die woorde **FINALE SKRYFSTUK** bo-aan die skryfstuk wat geassesseer moet word.

9. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| **AFDELING A:** | ongeveer 80 minute |
| **AFDELING B:** | ongeveer 40 minute |
| **AFDELING C:** | ongeveer 30 minute |

10. Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.
**LET WEL:** Die titel word **NIE** in aanmerking geneem as die woorde getel word **NIE**.

11. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

- Skryf ’n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel wat jy kies bo-aan jou skryfstuk.

1.1 ’n Nuwe avontuur **[50]**

1.2 Armoede **[50]**

1.3 Stoksielalleen **[50]**

1.4 Onthou jy nog? **[50]**

1.5 Ek weet ek kan! **[50]**

1.6 Kies een van die volgende prente en skryf ’n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet ’n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



*[Bron: iStock - Two nerds drinking tea from their mugs. Stock photo]*


**[50]**

1.6.2



*[Bron: https://bestiu.edu.in/innovation/whose-duty-is-conservation-of-nature-environment-by-sh-bharat-lal-meena]* **[50]**

1.6.3



*[Bron: https://hub.jhu.edu/magazine/2016/fall/baltimore-kids-eyeglasses-program]* **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies bo-aan jou skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy het die afgelope vakansie heerlik by jou ouma/oupa gekuier.

Skryf vir hulle 'n brief en bedank hulle vir die wonderlike vakansie. **[30]**

2.2 **DIALOOG**

Jy wil baie graag na 'n partytjie toe gaan, maar jou ouers wil nie hê jy moet gaan nie. Hulle voel jy is te jonk en die plek is onveilig. Probeer jou ouers anders oortuig.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou ouers neer. **[30]**

2.3 **TYDSKRIFARTIKEL**

Die onderstaande is 'n opskrif van 'n tydskrifartikel.

**Die hoogtepunte en laagtepunte van 2024**

Skryf die TYDSKRIFARTIKEL. **[30]**

2.4 **FORMELE BRIEF – SIMPATIE**

Jou skoolhoof se ma is skielik oorlede en jy moet namens jou klasmaats 'n brief skryf om met hom/haar te simpatiseer.

Skryf hierdie FORMELE BRIEF. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies bo-aan jou skryfstuk neer.

3.1 **UITNODIGING**

Jy is gevra om ’n uitnodigingskaartjie te ontwerp om familie en vriende na jou ouma se 70ste verjaardag te nooi. Maak seker al die inligting is beskikbaar op die kaartjie.

Ontwerp die UITNODIGING na die verjaardagpartyjie. **[20]**

3.2 **KORTTEKSBOODSKAP (WhatsApp)**

Jy het die volgende teksboodskap van een van jou maats gekry:

| |
|---|
| Middag. Ek hoor jy het van my geskinder en ‘n klomp leuens vertel. Ek dink ek verdien ‘n verduideliking. Piet 16:00 |

Stuur vir Piet ‘n boodskap waarin jy verduidelik wat gebeur het.

Skryf hierdie KORTTEKSBOODSKAP neer. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy is baie honger na die sportoefening. Vra vir jou boetie/sussie om gou vir jou ’n kaas-en-tamatie-toebroodjie te maak.

Skryf **SEWE INSTRUKSIES** neer sodat jou boetie/sussie die toebroodjie kan maak. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: [100]**